Die kragtige oplewing van populistiese mobilisering in die eietydse internasionale stelsel – Deel 1: Literatuuroorsig, teoretiese benadering en voorkoms

Chris Nelson

Chris Nelson, onafhanklike navorser

Opsomming

Dit word vandag deur navorsers regoor die wêreld aanvaar dat die kragtige oplewing in die aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie deur personalistiese politieke leiers, politieke partye en bewegings as een van die belangrikste politieke ontwikkelings sedert die einde van die Koue Oorlog in die 1990's beskou kan word. Presies hoe kragtig hierdie oplewing van populistiese mobilisering as politieke strategie in die eietydse internasionale stelsel inderdaad is, word geïllustreer deur die getal politieke leiers wat vandag wêreldwyd hulle posisies aan die toepassing van hierdie strategie te danke het. Tussen 1990 en 2018 het die getal vyfvoudig toegeneem van vier tot 20. In Europa het die getal politieke partye wat populistiese mobilisering toepas, toegeneem van 33 in 2000 tot 102 in 2017.

Die doel van hierdie artikel, wat in twee dele verskyn, is om aan die hand van 'n literatuurstudie 'n oorsig te verstrek rakende die kragtige oplewing in die aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie in die eietydse internasionale stelsel met spesifieke verwysing na die voorkoms, oorsake en gevolge.

Die werkswyse wat gevolg word, is om in deel 1 eerstens 'n literatuuroorsig te verstrek van die navorsing wat reeds verskyn het ter definiëring van die begrip *populisme* asook die teoretiese perspektiewe en metodologiese benaderings wat ontwikkel is ter verduideliking daarvan; tweedens om die spesifieke teoretiese en konseptuele benadering te verduidelik wat as rigsnoer en lens *in hierdie artikel dien*; en derdens om die eietydse voorkoms van populistiese mobilisering as politieke strategie in die hoofstreke van die wêreld aan te dui. In deel 2 is die fokus om by wyse van 'n literatuurgeleide benadering eerstens die vernaamste oorsake te identifiseer wat die oplewing van populistiese mobilisering as politieke strategie ten grondslag lê; tweedens om die gevolge aan te dui wat die wye toepassing van hierdie besondere politieke

mobiliseringstrategie vir liberale demokrasie asook die bestaande globale liberale orde inhou. Die artikel word afgesluit met ’n kort opsomming van die bevindings en gevolgtrekkings.

Trefwoorde: burgery; elite; globale liberale orde; globalisering; liberale demokrasie; personalistiese politieke leiers; politieke strategie; populisme; populistiese mobilisering; populistiese retoriek

Abstract

The forceful rise of populist mobilisation in the contemporary international system: prevalence, causes and consequences

Viewed superficially it may seem as if the rise to power of Donald Trump in the USA, Narendra Modi in India, Rodrigo Duterte in the Philippines, Viktor Orbán in Hungary and Jair Bolsonaro in Brazil is merely part of the ebb and flow of the political process in these states. However, examined more closely, there is more to this than appears at first glance. The election of these and many other leaders, political parties and political movements around the world in recent times is indicative of the resurgence of a method of mobilising popular support in democratic political systems known for several centuries. It is referred to as populism.

Analysts studying the forceful rise of populism in the contemporary international system indicate that although this phenomenon has a history spanning several centuries, political parties and movements that are currently being typified as populist were formed in most democratic societies only during the aftermath of the Cold War in the 1990s. Even though this new variant of populist political party did not initially gain popular support of more than 10%, the situation has changed dramatically since 2007. Today populist political leaders, parties and movements not only play a significant role in societies in all main regions of the world but are also experiencing dramatic growth in terms of popular support.

The great irony of populism is the fact that despite its forceful rise in many societies, political analysts are not unanimous regarding its actual meaning. According to some it is a chameleonic and mercurial concept that can simultaneously be described as an ideology, a communication style, a political strategy and even a form of political demagoguery.

The vagueness surrounding this concept is also illustrated by the fact that it is employed by many analysts to denote a variety of disparate political phenomena such as Latin-American national populism, Third World authoritarian regimes, radical right-wing political parties, radical left-wing political parties, Euroscepticism, anti-globalism and even Islamic fundamentalism. Some analysts have even gone so far as to distinguish between various types of populism, such as cultural populism, religious populism, demagogic populism, socio-economic populism, authoritarian populism, nationalist populism, revolutionary populism and anti-establishment populism.

Despite the vagueness and contentious nature surrounding the concept, most analysts are in agreement that populism is deeply rooted in identity politics and display certain distinctive features. These may be summarised as follows:

- A positive view of a section of society as the "legitimate people" or "true people".
- A negative view of the rest of society as the "non-legitimate" people.
- A negative view of the established elite groupings in society as corrupt and intent only on furthering their own selfish interests ("the evil elite").
- The exaltation of the unrestricted popular sovereignty of the "true people" in society against representative democracy and liberal constitutionalism.

Mainly as a result of these features and the grave consequences it may have for liberal democracy as well as the liberal global order, populism has been extensively studied. A search by Chiocchetti (2017) on titles on WorldCat (an online global catalogue of the collections of 72 000 libraries in 170 states) in 2017 has shown 1 565 books and 5 313 articles with the noun *populism* and 1 220 books and 3 361 articles with the adjective *populist*.

According to political analysts *populism* is the most important political buzzword of the 21st century because it affects the lives of billions of people all over the world. The current relevance of and interest shown in populism is perhaps best demonstrated by the fact that in 2017 it was selected by Cambridge University Press as the *Cambridge English Dictionary*'s word of the year. Such is the prominence that this concept currently enjoys that some analysts are even of the opinion that we could speak of a populist *zeitgeist* prevailing in the world today.

The aim of this two-part paper is to provide, by means of a literature study, an overview of the forceful rise of populist mobilisation as a political strategy in the contemporary international system with specific reference to its prevalence, causes and consequences.

The approach followed for part 1 of this paper is first to provide an overview of the literature regarding the research undertaken to define this contentious concept as well as the theoretical perspectives that have been employed in order to explain its true meaning. Secondly, I explain the specific theoretical approach that will be employed as a guide and lens in this paper. In this regard it is important to indicate that given the vagueness surrounding the concept of populism it will be reconceptualised. The new version will be referred to as populist mobilisation. Thirdly, I indicate in broad outline the origin and current prevalence of populist mobilisation as a political strategy in the main regions of the world.

The approach followed for part 2 of this paper is first to identify the most important causes that underlie the surge of populist mobilisation as a political strategy in the contemporary international system, and secondly, to identify the consequences of the surge of populist mobilisation for liberal democracy as well as the global liberal order.

The paper concludes with a summary of the findings.

On the basis of the assessment carried out in this paper it is possible to conclude that the implementation of populist mobilisation as a political strategy by personalist leaders, political parties and political movements across the political spectrum have indeed reached dimensions unparalleled in history. Indicative of this is the fact that between 2000 and 2018 the number of political leaders that have attained their positions of power by implementing this particular strategy has risen fivefold from four to 20.

An even more comprehensive picture of the forceful rise of populist mobilisation and its current prevalence can be gleaned by examining the implementation of this particular strategy in the main regions of the world.

- In Europe and the UK no fewer than 102 political parties and political movements implemented populist mobilisation in 2017. Of these, 74 were classified as radical right-wing parties. In four of 28 European states this type of political party form the government of the day, while in 20 states they gained more than 20% of the popular vote. During the elections in May 2019 for the ninth European Parliament these parties gained 29% of the vote. Equally significant is the fact that the decision by the British electorate to terminate their state's membership of the EU and the election of Immanuel Macron as leader of France can be fully comprehended only if the "soft" implementation of populist mobilisation is considered.
- In the USA populist mobilisation has regularly been applied by personalist leaders, political parties and political movements since the 1840s. It reached a climax in 2016 with the election of Donald Trump as president.
- In Latin America this particular strategy has been applied since the 1930s in three successive waves. Since 1990 no fewer than 14 leaders in eight countries have been elected to their positions as a result of populist mobilisation.
- In the Middle East, populist mobilisation as a political strategy is being implemented throughout the region.
- In Asia 40% of the 4,5 billion people are being ruled today by leaders who attained their ruling positions by implementing populist mobilisation.
- In Sub-Saharan Africa the socio-economic conditions in most societies are of such a nature that the implementation of this particular strategy can be regarded as an inevitability.

The reasons for the forceful rise of populist mobilisation as a political strategy are numerous and manifest on three levels:

- On the macro- or global level, encompassing the worldwide technological revolution, multilateralism, globalisation, demise of communism, dominance of neoliberalism, deconsolidation of democracy and the anticipation of new global power alignments.
- On the medium or state level, encompassing the power of nationalism and the failure or inability of governments to develop countermeasures to a wide range of challenges such as illegal immigration, border control, terrorist attacks, economic downturns, capital flight, tax evasion, corruption, unemployment, poverty and inequality.
- On the micro- and agency level, encompassing the action of specific actors such as personalist leaders, political parties and movements as well as the anti-elitist and nationalistic rhetoric employed by these actors in a variety of ways and contexts.

The consequences of the rise of populist mobilisation as a political strategy by personalist leaders, political parties and movements worldwide are far-reaching and twofold in nature.

- It constitutes a substantial threat to the survival of liberal democracy throughout the world as a result of the assault by adherents of populist mobilisation on the institutions, values, principles and doctrines underlying this form of government.
- It poses a substantial threat to the current global liberal order as a result of the widespread hostility displayed by personalist political leaders, parties and movements

against those multilateral institutions vital for the continuation and ultimate survival of this order.

Keywords: evil elite, globalisation, global liberal order, personalist political leader, political strategy, populism, populist mobilisation, populist party, populist rhetoric, true people

1. Inleiding

Die verskyning op die wêreldtoneel van leiers soos Donald Trump in die VSA, Narendra Modi in Indië, Rodrigo Duterte in die Filippyne, Alexis Tsipras in Griekeland, Viktor Orbán in Hongarye en Jair Bolsonaro in Brasilië kan dalk, oppervlakkig beoordeel, as bloot deel van die eb en vloei van die politieke proses in voormelde state beskou word. Van nader beskou blyk dit egter nie die geval te wees nie. Die verkiesing van hierdie en talle ander leiers van politieke partye en politieke bewegings regoor die wêreld is aanduidend van die aanbreek van ’n nuwe era in die werwing van populêre steun in eietydse demokratiese politieke stelsels. Die tipe politieke mobiliseringstrategie wat deur hierdie leiers aangewend is, word deur politieke ontleders en die massamedia met die woorde *populisme* en *populisties* beskryf.

Aanduidend van die kragtige oplewing van populisme in die eietydse internasionale stelsel en hoedanig hierdie ontwikkeling die politieke landskap verander het, is die feit dat die getal populistiese politieke leiers in bewindsposisies regoor die wêreld tussen 1990 en 2018 volgens Kyle en Gultchin (2018) vyfvoudig toegeneem het van vier tot 20.

Hierdie navorsers wys daarop dat alhoewel populisme ’n lang historiese aanloop het, politieke partye en bewegings wat eietyds as populisties getipeer kan word, in die meeste demokratiese samelewings eers na afloop van die Koue Oorlog in die 1990’s ontstaan het. Die toename in gewildheid van hierdie partye en bewegings was aanvanklik traag en met enkele uitsonderings kon geeneen meer as 10% van die populêre steun verower nie. Sedert 2007 het die prentjie egter ingrypend verander. Populistiese politieke partye en bewegings is vandag ’n betekenisvolle faktor in bykans alle samelewings en het dramatiese groei ervaar in terme van sowel populêre steun as parlementêre verteenwoordiging. Tydens ’n seminaar wat in April 2018 deur die Universiteit van Helsinki aangebied is, is bevind dat die snelle oplewing in populistiese politieke partye van sodanige aard is dat populistiese mobilisering voortaan as ’n hoofstroom- politieke aktiwiteit beskou kan word.

’n Uitstaande feit rakende die begrip *populisme* is dat daar geen eenstemmigheid heers oor wat daarmee bedoel word nie. Volgens Chiocchetti (2017) is *populisme* ’n verkleurmannetjieagtige begrip (“chameleonic concept”) wat beskryf of gedefinieer kan word as ’n ideologie, ’n kommunikasiestyl, ’n politieke strategie of bloot ’n vorm van politieke demagogie oftewel opswepery. Laasgenoemde beskrywing geniet tans prominensie en word deur talle navorsers beklemtoon omdat “demagogiese populisme” nie as volhoubaar beskou word nie. Die onvolhoubaarheid van hierdie tipe populisme is daarin geleë dat politieke leiers in die toepassing daarvan inligting manipuleer deur “alternatiewe feite” te verstrek; met “nuwe waarhede” vorendag te kom; feitgebaseerde inligting as “fopnuus” te verwerp; maklike oplossings vir komplekse probleme te belowe; of die gewone burgery slegs dit te vertel wat hulle graag wil hoor.

Die vaagheid en onduidelikheid wat die begrip *populisme* omsluit, vind volgens Chiocchetti (2017) treffende illustrasie in die gebruik daarvan deur ontleders om ’n groot aantal uiteenlopende politieke verskynsels en tendense te beskryf. So byvoorbeeld is dit gebruik om te verwys na Latyns-Amerikaanse nasionale populisme, Derdewêreldse outoritêre regimes, radikale regse politieke partye, radikale linkse politieke partye, Euroskeptisisme, antiglobalisme en selfs Islamitiese fundamentalisme. Sommige navorsers het selfs al ’n onderskeid getref tussen verskillende tipes populisme: kulturele populisme, religieuse populisme, sosio-ekonomiese populisme, outoritêre populisme, revolusionêre populisme en antigevestigdegesag-populisme.

Nog ander navorsers, onder wie Mudde (2017), het verklaar dat die term *populisme* dermate problematies is dat die ideaal sou wees om dit met ’n ander term te vervang. Sy voorstel is dat dit met die term *nativism* vervang behoort te word. Nativisme is die politieke beskouing ingevolge waarvan die belange van die inheemse bevolking in ’n staat voorrang moet geniet bo die belange van immigrante. Dit word egter betwyfel of hierdie term groter duidelikheid sal bring, aangesien dit sigself ook tot verskillende interpretasies leen.

Nieteenstaande die vaagheid, onduidelikheid en omstredenheid rakende die term en begrip *populisme* is navorsers dit eens dat populisme diep gewortel is in identiteitspolitiek en bepaalde wesenskenmerke toon. Daar word veral na die volgende verwys:

- die positiewe beskouing en waardering van ’n gedeelte van die samelewing as die legitieme burgery (“the people”) of die ware burgery (“the true people”)
- die negatiewe beskouing van die res van die burgery as die nielegitieme gedeelte
- die negatiewe beskouing van die gevestigde elitegroeperings in die samelewing as korrup en ingestel op die bevordering van eiebelang (die “bose elite”)
- die verheffing van onbelemmerde populêre soewereiniteit ten aansien van die legitieme gedeelte van die burgery bo verteenwoordigende demokrasie en liberale konstitusionalisme.

Volgens Kyle en Gultchin (2018) kan die essensie van populisme tot twee primêre uitgangspunte gereduseer word:

- Die ware burgery in die samelewing verkeer in konflik met sowel buitestanders as die gevestigde elites.
- Die wil van die ware burgery mag op geen wyse aan bande gelê word nie.

Grootliks as gevolg van die identifisering van hierdie kernelemente, uitgangspunte en die implikasies wat dit vir liberale demokrasie en selfs die liberale globale wêreldorde inhou, het die begrip die afgelope twee dekades wye inslag gevind en is dit in toenemende mate deur navorsers as noodsaaklik en selfs onmisbaar beskou in die bestudering van die politieke prosesse in talle eietydse samelewings. Tekenend is die feit dat sommige ontleders populisme selfs beskou as die belangrikste politieke gonswoord van die 21ste eeu omdat miljarde mense regdeur die internasionale stelsel in hulle daaglikse lewens aan die politieke uitwerking daarvan blootgestel is.

Rooduijn (2013) het reeds in 2013 verklaar dat populisme sodanige prominensie in die politieke diskoers van demokrasieë en selfs outoritêre stelsels regoor die wêreld verwerf het

dat daar tereg van ’n populistiese tydsgees gepraat kan word. Cox (2017) verwys na die “spectre of populism” wat wêreldwyd voorkom.

Waarskynlik die beste aanduiding van die prominensie en wye gebruik wat die begrip tans regdeur die wêreld geniet, is die aanwysing van die woord *populisme* deur die Cambridge University Press in 2017 as die *Cambridge English Dictionary* se woord van die jaar (Cambridge University 2017). Die wye belangstelling wat die begrip in die geledere van navorsers geniet, blyk uit die resultate van ’n soektog op WorldCat (’n aanlyn globale katalogus van die versamelings van 72 000 biblioteke in 170 state) wat deur Chiocchetti (2017) onderneem is. Dit het geblyk dat daar in 2017 reeds 1 565 boeke en 5 313 artikels verskyn het waarin die naamwoord *populism* in die titels voorkom. Toe die byvoeglike naamwoord *populist* gebruik is, het dit geblyk dat 1 220 boeke en 3 361 artikels teen 2017 verskyn het. Die getalle neem daagliks toe.

Alhoewel talle oorsake hier onder geïdentifiseer sal word wat die kragtige oplewing in populisme wêreldwyd ten grondslag lê, huldig talle navorsers die standpunt dat twee faktore by uitstek as oorsaaklik beskou kan word. Die eerste is die tegnologiese revolusie wat die afgelope dekades plaasgevind het, steeds momentum opbou en tans gestalte vind in die Vierde Nywerheidsrevolusie (4NR). Veral die ontwikkelings op die gebied van inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) het dit vir eietydse politieke leiers moontlik gemaak om sonder die tussengang van tradisionele politieke partystrukture direk met die gewone burgery te kommunikeer. Dit word bereken dat die VSA se oudpresident Obama en president Trump op hulle Twitterrekeninge onderskeidelik in direkte kommunikasie met 102 miljoen en 52 miljoen mense verkeer (Fruhlinger 2019).

Die tweede faktor wat verantwoordelik is vir die toenemende aanwending van populisme as mobiliseringstrategie is geleë in die nagevolge van die oorheersing van neoliberalisme in die internasionale politieke arena. Die ekonomiese ongelykheid wat regoor die wêreld deur die globale liberale orde geskep is en die snelle tempo waarteen dit geskied het, het in ontwikkelde en ontwikkelende samelewings ’n ingesteldheid van diepe benadeling, marginalisering, vrees en ontsteltenis by die gewone burgery tot gevolg gehad. Selfs die versnelde ekonomiese groei in die meeste state wat deur globalisering bewerkstellig is, kon nie verhinder dat die gewone burgery hierdie ingesteldheid van marginalisering sou ontwikkel namate welvaart in die hande van ’n betreklik klein getal individue en entiteite gekonsentreerd geraak het nie. Die konsentrasie van welvaart word waarskynlik ten beste geïllustreer deur die feit dat 71 van die 100 grootste ekonomiese entiteite in die wêreld in 2018 sakeondernemings (multinasionale korporasies, of MNK’s) was. Slegs 29 van hierdie entiteite was state (Green 2018). Vir daardie politieke leiers wat populistiese mobilisering as politieke strategie gebruik, sou hierdie ongelykheid vrugbare grond vorm.

Die doel van hierdie artikel, wat in twee dele verskyn, is om aan die hand van ’n literatuurstudie ’n oorsig te verstrek rakende die kragtige oplewing van populistiese mobilisering as politieke strategie in die moderne internasionale stelsel met spesifieke verwysing na die voorkoms, oorsake en gevolge.

Die werkswyse wat gevolg word, is om in deel 1 eerstens ’n literatuuroorsig te verstrek van die navorsing wat reeds verskyn het ter definiëring van die omstrede begrip *populisme* asook die teoretiese perspektiewe en metodologiese benaderings wat ontwikkel is ter verduideliking van hierdie besondere verskynsel; tweedens om die spesifieke teoretiese benadering te verduidelik

wat as rigsnoer en lens *in hierdie artikel sal dien*; en derdens om in breë trekke die oorsprong en eietydse toepassing van populistiese mobilisering as politieke strategie in die hoofstreke van die wêreld aan te dui.

In deel 2 is die fokus om by wyse van ’n literatuurgeleide benadering eerstens die vernaamste faktore of oorsake te identifiseer wat die oplewing van populistiese mobilisering as politieke strategie ten grondslag lê, en tweedens om die gevolge aan te dui wat die wye toepassing van hierdie besondere politieke mobiliseringstrategie spesifiek vir liberale demokrasie asook die bestaande globale liberale orde inhou. Die artikel word afgesluit met ’n kort opsomming van die bevindings en gevolgtrekkings.

2. Oorsig van die teoretiese perspektiewe wat in die bestudering van populisme toegepas is

In “Clarifying a contested concept. Populism in the study of Latin American politics” wys Weyland (2001:1) daarop dat *populisme* een van die mees onduidelike, vae, verwarrende, veelfasettige en omstrede begrippe is waarvoor politieke navorsers die afgelope dekades te staan gekom het. Hierdie begripsverwarring was primêr daarvoor verantwoordelik dat wetenskaplikes populisme in die verlede aan die hand van politieke, ekonomiese en maatskaplike kenmerke gedefinieer het en aan die hand van velerlei teoretiese perspektiewe bestudeer het.

Tekenend van die intensiteit en omvang rakende die verwarring is die feit dat sommige wetenskaplikes tot redelik onlangs daarop aangedring het dat die term *populisme* op grond van die onduidelike, ontoepaslike, onbruikbare, niksseggende en glibberige (“mercurial”) aard daarvan in die ban gedoen behoort te word (Weyland 2001:1). Veral die beskouing van populisme deur sommige ontleders as blote demagogie, omdat dit politieke leiers in staat stel om die onkunde, vooroordele, oortuigings, persepsies en nasionalistiese sentimente van gewone mense uit te buit, het wye teenkanting tot gevolg gehad. Ter verdere rasionalisering het hierdie wetenskaplikes daarop gewys dat die grootste gedeelte van die navorsing wat oor populisme gedoen is, nie teoretiese standpunte en vergelykende ontledings omsluit het nie, maar bloot ’n historiese oorsig van individuele gevalle behels het.

Gegewe die groot aantal publikasies wat die afgelope aantal dekades oor populisme en die teoretiese begronding daarvan verskyn het, sal in hierdie artikel slegs van twee oorsigartikels gebruik gemaak word. Al die nodige en tersaaklike aspekte ten aansien van die bestudering van die onderwerp word wel deur die betrokke skrywers gedek.

2.1 Literatuuroorsig deur Noam Gidron en Bart Bonikowski

In hulle “Varieties of populism: Literature review and research agenda” verstrek Gidron en Bonikowski (2013:1–14) ’n breedvoerige en volledige oorsig van die teoretiese perspektiewe wat die afgelope aantal dekades gebruik is om populisme te definieer en te bestudeer.

Soos talle ander wys ook hierdie navorsers daarop dat alhoewel *populisme* tans een van die mees gebruikte terme regdeur die wêreld is, dit terselfdertyd ook as een van die mees omstrede beskou word. Dit word gevolglik nie alleen gedefinieer op die grondslag van politieke,

ekonomiese en maatskaplike kenmerke nie, maar ook bestudeer aan die hand van etlike teoretiese perspektiewe, insluitende strukturalisme, poststrukturalisme, moderniseringsteorie, maatskaplikeveranderingsteorie, demokratiese teorie, partypolitiek, politieke sielkunde, politieke sosiologie en politieke ekonomie. Terselfdertyd is verskeie metodologiese benaderings aangewend ten einde tot ’n beter verstaan van hierdie glibberige begrip te kom. Dit het gewissel van argivale navorsing tot inhoudsontleding en modellering.

In ag genome die feit dat al hierdie pogings ten spyt, duidelikheid rakende die begrip nie bewerkstellig kon word nie, het Gidron en Bonikowski (2013:5–14) daardie navorsing bestudeer wat van stapel gestuur is om die veelvlakkige (“multifaceted”) aard van populisme te verduidelik. Hulle het bevind dat die kernkenmerke van populisme ongeag konteks ten beste verduidelik is wanneer dit respektiewelik beskou/gedefinieer is as ’n ideologie, ’n politieke styl en ’n politieke strategie.

Uit die navorsingsoorsig van Gidron en Bonikowski (2013:7–10) blyk dit egter dat die meeste navorsers populisme nie as ’n ideologie beskou nie, maar veel eerder as ’n bepaalde politieke styl of strategie. Hulle wys daarop dat alhoewel populisme ’n onderskeid tref tussen “ons” (die burgery in sy geheel of ’n gedeelte daarvan) en “hulle” (die elite) in die samelewing en in wyer globale verband, dit nie as ’n ideologie beskou kan word wat die kernoortuigings van spesifieke politieke akteurs omsluit nie. Dit is veel eerder ’n manier van politieke uitdrukking wat op selektiewe en strategiese wyse aangewend word deur linkse, regse, sentristiese, liberale en konserwatiewe personalistiese leiers, politieke partye en politieke bewegings om die steun van die burgery of ’n gedeelte daarvan te mobiliseer. Personalistiese leiers is volgens Kostadinova en Levitt (2014) dominante en invloedryke indiwidue wat gesag uitoefen op grond van persoonlike eienskappe eerder as organisatoriese rol.

Die slotsom waartoe Gidron en Bonikowski (2013:10–14) gekom het, is dat populisme as politieke styl en strategie die wydste inslag gevind het en veral deur politieke wetenskaplikes en politieke sosioloë as sodanig beskou is. Uit hulle literatuuroorsig het dit egter geblyk dat wanneer populisme as politieke strategie gedefinieer word, dit nodig is om ’n onderskeid te tref tussen verskillende beleidskeuses, wyses van politieke organisasie en wyses van politieke mobilisering.

2.2 Literatuuroorsig deur Robert S Jansen en die ontwikkeling van ’n nuwe teoretiese benadering

In sy artikel getiteld “Populist mobilization: A new theoretical approach to populism” het Jansen (2011:79–81) ook die onderskeie benaderings wat deur wetenskaplikes in die verlede toegepas is om populisme te bestudeer, nagevors. Hy wys daarop dat alhoewel die navorsing op ’n ontoereikende en gefragmenteerde wyse gedoen is, dit tog moontlik is om ’n rowwe skets daarvan aan te bied. Volgens hom kan daar drie breë denkskole – hy verwys daarna as “generasies” – in die bestudering van populisme onderskei word.

- Die eerste denkskool het gedurende die 1960’s en 1970’s ontstaan en het die toepassing van moderniserings- en Marxistiese teorieë behels. Beide hierdie teorieë het die ekonomiese determinante van populistiese klassekoalisies beklemtoon.
- Die tweede denkskool het gedurende die 1970’s en 1980’s ontstaan en was ideologies en agentgebaseerd. Die teorieë wat deur hierdie denkskool toegepas is, was veral bedoel

om regstellings te wees op die strukturalistiese teorieë soos deur die eerste denkskool toegepas.
- Die derde denkskool het sy beslag in die middel van die 1990's gekry en het ideologiese en agentgebaseerde aspekte in die konteks van politieke strukture beskou. Daar is veral gekonsentreer op die wyses waarop die mislukking van demokratiese instellings om die integrasie van die gewone burgery te bewerkstellig deur politieke leiers gebruik is om populistiese mobiliseringstrategieë in werking te stel.

Die nuwe teoretiese benadering wat deur Jansen (2011:82) ontwikkel is, behels die definiëring van populisme as 'n politieke strategie wat deur politieke leiers, politieke partye asook maatskaplike bewegings aangewend word en wat op die politieke diskoers- en mobiliseringsaspek daarvan fokus. In die ontwikkeling van sy nuwe benadering het Jansen (2011:82) tot die gevolgtrekking gekom dat navorsers in die verlede fundamenteel gefouteer het deur populisme as "iets" te beskou. Dit het daartoe gelei dat populisme as links of regs, liberaal of konserwatief, fascisties of egalisties progressief of regressief, outoritêr of demokraties, stedelik of plattelands en militêr of burgerlik beskou is.

Die uitstaande kenmerk van Jansen (2011:82) se nuwe teorie is dat hy die klem verskuif van populisme as "iets" na die wyse waarop dit aangewend word. Volgens sy benadering is populisme nie 'n tipe politieke party, politieke beweging, regime of ideologie nie, maar 'n manier of wyse van politieke optrede. Met ander woorde, dit dui op wat politici en hulle volgelinge *doen*. Hierdie besondere benadering het tot gevolg gehad dat hy populisme herdefinieer het as 'n vorm van politieke aktiwiteit. Die nuwe begrip waarmee hy vorendag gekom het, was *populist mobilization.*

Die implikasie van sy besondere benadering is dat populistiese mobilisering beskou word as 'n volgehoue *politieke projek* wat populêre politieke mobilisering en populistiese retoriek kombineer. Hierdie onderskeid is volgens Jansen (2011:82) van besondere belang omdat elkeen van hierdie politieke aktiwiteite onafhanklik aangewend kan word. Die term *populistiese mobilisering* behoort dus slegs vir politieke projekte waarin populêre politieke mobilisering en populistiese retoriek gelyktydig voorkom en mekaar versterk, gebruik te word.

Ten einde aan te toon wat 'n politieke projek populisties maak, definieer Jansen (2011:82) dit dus as "any sustained, large-scale political project that mobilizes ordinarily marginalized social sectors into publicly visible and contentious political action, while articulating an anti-elite, nationalist rhetoric that valorizes ordinary people". Volgens Jansen (2011:85–6) is die voordeel van 'n herdefiniëring van populisme daarin geleë dat dit

- navorsers verplig om populistiese akteurs te spesifiseer, aangesien sowel verkose staatsleiers as die uitdagers van die status quo populistiese mobilisering kan toepas
- die ruimtelike beperking van populistiese mobilisering beklemtoon, aangesien dit slegs tot sekere streke of gebiede beperk kan wees
- die tydgebonde voorkoms van populistiese mobilisering beklemtoon: leiers wat deur die toepassing van hierdie strategie aan bewind gestel word, vorm die nuwe elite.

Jansen (2011:86) beklemtoon ook die feit dat sy herdefiniëring van populisme sekere verskynsels uitsluit.

- Dit moet onderskei word van die opkoms van massa- demokratiese politiek (’n nasionale demokratiseringsproses).
- Dit is nie identies aan die opkoms van linkse, regse, reformistiese of populêre bewegings wat primêr die opheffing van verarmde sektore in die samelewing en die verbetering van hulle lewenskwaliteit as oogmerk het nie.
- Dit moet nie verwar word met tradisionele kliëntelisme en *caudillismo* nie.

3. Die teoretiese benadering in hierdie artikel

In navolging van die nuwe teoretiese benadering wat hier bo deur Jansen beskryf is, sal in hierdie artikel ook van die begrip en term *populistiese mobilisering* gebruik gemaak word. Enkele aanpassings sal egter aangebring word. Populistiese mobilisering word gevolglik hier beskou as

> ’n omvattende maar onvolhoubare politieke strategie wat deur personalistiese politieke leiers, partye en bewegings regoor die politieke spektrum aangewend word en wat gekenmerk word deur ’n anti-elitistiese en nasionalistiese retoriek wat daarop ingestel is om by wyse van direkte kommunikasie ’n spesifieke bevolkings- of ondersteunersgroep op te hemel as die suiwer, ware, goeie, legitieme, outentieke, soewereine en ten volle verenigde lede van die samelewing (“the true people”) ten einde hulle sodoende te motiveer en te mobiliseer om tot prominente, sigbare en kontroversiële politieke optrede oor te gaan ter verkryging van politieke mag en daarna die bekamping van ’n bepaalde sosio-ekonomiese of kulturele krisis wat hulle in die gesig staar.

Dit moet beklemtoon word dat die aanpassings wat aan Jansen se definisie aangebring is, gedoen is na raadpleging van drie ander leidende navorsers se sienings van populisme. Eerstens is die verduideliking van Fukujama en Muggah (2018) geraadpleeg. Volgens hierdie wetenskaplikes omsluit populisme drie essensiële eienskappe:

- gewilde maar onvolhoubare beleidsrigtings
- die aanwysing van ’n spesifieke bevolkingsgroep as die outentieke en legitieme lede van die samelewing
- hoogs verpersoonlikte style van leierskap wat ’n direkte verhouding met die mense (“people”) beklemtoon.

’n Tweede beskouing wat die benadering van populistiese mobilisering in hierdie artikel ten grondslag lê, is deur Mudde (2015) geformuleer. Ofskoon hy populisme as ’n ideologie beskou – wat deur talle wetenskaplikes nie aanvaar word nie – omsluit sy definisie nietemin etlike belangrike, toepaslike en tersaaklike eienskappe. Volgens hom is populisme

> a thin-centered ideology that considers society to be ultimately separated into two homogeneous and antagonistic groups, “the pure people” and “the corrupt elite”, and which argues that politics should be an expression of the volonté general (“general will”) of the people.

Die derde beskouing wat die definisie van populistiese mobilisering in hierdie artikel ten grondslag lê, is geformuleer deur Rooduijn (2014:572). Volgens hom omsluit populisme die

- beklemtoning van die sentraliteit en opperbelang van die gewone burgery
- antagonisme jeens die elite
- beskouing van die gewone burgery as ’n homogene entiteit
- beklemtoning van ’n maatskaplike, ekonomiese of kulturele krisis wat die gewone burgery in die gesig staar.

4. Die oorsprong, verspreiding en huidige voorkoms van populistiese mobilisering as politieke strategie in verskeie wêrelddele

In hulle oorsig rakende die oplewing van populistiese mobilisering beklemtoon Mudde en Kaltwasser (2017:38) die feit dat hierdie besondere politieke strategie op verskillende wyses in verskillende wêrelddele manifesteer. In navolging van hierdie navorsers se waarneming sal in hierdie artikel ’n onderskeid getref word tussen die voorkoms daarvan in die drie hoofstreke (Europa en die VK, die VSA en Latyns-Amerika) en die drie sekondêre streke (Asië, die Midde-Ooste en Sub-Sahara-Afrika).

4.1 Die drie hoofstreke

4.1.1 Europa en die VK

Politieke projekte in Europa waar politieke leiers van populistiese mobilisering gebruik gemaak het, het ’n lang geskiedenis, alhoewel dit tot enkele dekades gelede bloot as ’n marginale politieke aktiwiteit beskou is. Dit het in Rusland ontstaan gedurende die laaste helfte van die 19de eeu waar ’n sosialistiese beweging bekend as die *Narodnik* probeer het om deur die gebruik van anti-elite-retoriek die kleinboere en massas tot politieke opstand aan te hits en sodoende van die tsaristiese regime ontslae te raak (Encyclopaedia Britannica 2018). In Oos-Europa het agrariese groeperings ook gedurende die 20ste eeu ontstaan, maar hulle anti-elite-retoriek was nie suksesvol teen die outoritêre regimes van daardie era nie. Die opkoms van kommunisme en fascisme het insgelyks probeer om politieke projekte te onderneem deur van populistiese mobilisering gebruik te maak, maar was ook nie suksesvol nie (Encyclopaedia Britannica 2018).

Met die uitsondering van groeperings soos die Nasionale Front (FN) in Frankryk en die Vlaamse Belang (VB) in België het daar aan die einde van vorige eeu in Europa en die VK weinig politieke leiers, politieke partye en bewegings bestaan wat populistiese mobilisering as politieke strategie aangewend het. Vandag sien die prentjie egter totaal anders daar uit. Eiermann, Mounk en Gultchin (2017) wys daarop dat die aantal politieke partye wat populistiese mobilisering in Europa aanwend nie alleen toegeneem het van 33 in 2000 tot 102 in 2017 nie, maar ook ’n groot bydrae gelewer het tot die verandering van die partypolitieke landskap in hierdie wêrelddeel. Tekenend is die feit dat in 11 Europese state hierdie tipe politieke party óf aan bewind is óf deel van die regering vorm en 25% van alle kiesers in Europa tydens die jongste verkiesings vir hierdie partye gestem het (Rooduijn 2018).

Volgens Henley (2018) word populistiese mobilisering in die verskillende dele van Europa en die VK op verskillende wyses deur leiers regoor die politieke spektrum aangewend. Wat Europa aanbetref, tref hy hoofsaaklik 'n onderskeid tussen die aanwending van populistiese mobilisering in die Alpynse state (Switserland en Oostenryk), die Suid-Europese state (Spanje, Griekeland, Italië en Portugal), die Wes-Europese state (België, Duitsland, Frankryk en Nederland), die Oos-Europese state (die Tsjeggiese Republiek, Hongarye, Pole en Slowakye) en die Noord-Europese state (Denemarke, Finland, Noorweë en Swede).

Opvallend van Europese politieke partye en bewegings wat populistiese mobilisering aanwend, is die feit dat die oorgrote meerderheid aan die regterkant van die politieke spektrum gekategoriseer kan word en in Oos-Europa voorkom. Volgens Eiermann e.a. (2017) ressorteer 74 van die 102 politieke partye onder hierdie kategorie. Verder kan genoem word dat hierdie regse partye nie alleen getalsgewys die meerderheid is in die aanwending van populistiese mobilisering nie, maar ook die grootste populêre steun tydens verkiesings geniet. In 2017 het Europese politieke partye wat populistiese mobilisering aangewend het, 24,1% van die populêre steun verower. Hiervan is 17,7% deur regse partye in spesifiek Oos-Europa verwerf (Eiermann e.a. 2017).

In Tabel 1 hier onder word vergelykende syfers vir 2008 en 2018 verstrek ten aansien van die populêre steunbasisse van politieke partye en bewegings in Europa en die VK wat populistiese mobilisering as politieke strategie aanwend.

Tabel 1. Populêre steun van politieke partye en bewegings in Europa en die VK wat populistiese mobilisering as politieke strategie aanwend: vergelykende syfers vir 2008 en 2018

STAAT	PARTY	2008	2018	TOENAME/AFNAME
Hongarye	Fidesz	43,70%	65,09%	21,39%
Griekeland	Syriza	17,00%	54,60%	37,60%
Pole	PiS	32,1%	51,18%	19,08%
Italië	M5S	8,30%	50,03%	41,73%
Tsjeggië	ANO 2011	12,81%	49,61%	36,79%
Ciprus	AKEL	31,10%	35,38%	4,28%
Slowakye	Smer-SD	11,70%	34,34%	22,64%
Estland	EKRE	26,10%	32,90%	6,80%
Litaue	LNU	29,04%	32,83%	3,79%
Bulgarye	BBT	26,00%	32,65%	6,65%
Frankryk	FN	13,82%	27,09%	13,27%
Oostenryk	FPÖ	28,24%	26,00%	-2,24%
Finland	PS	12,90%	24,78%	11,88%
Nederland	PVV	22,49%	22,20%	-0,29%
Duitsland	AfD	10,30%	21,98%	11,68%
Spanje	Podemos	3,77%	21,15%	17,38%
Denemarke	DFP	13,90%	21,10%	7,20%
Swede	SD	8,78%	18,58%	9,80%
Ierland	SF	8,03%	17,70%	9,67%
Roemenië	PRM	3,15%	9,98%	6,83%
Portugal	BE	8,34%	9,30%	1,04%

Slowenië	SDS	5,40%	8,20%	2,80%
Letland	KPV LV	7,00%	6,85%	-0,15%
Kroasië	Zivi zid	1,80%	6,49%	4,69%
Luxemburg	BL	1,90%	4,94%	3,04%
België	VB	16,02%	4,09%	-11,93%
VK	UKIP	2,20%	1,80%	-0,04%

Bronne: Harris (2018); Henley (2018); Lewis, Clarke, Barr, Holder en Kommenda (2018)

Teen die agtergrond van bogemelde gegewens is dit moontlik om bepaalde gevolgtrekkings te maak:

- Eerstens is dit duidelik dat politieke partye en bewegings wat populistiese mobilisering aanwend, as belangrike rolspelers tydens verkiesings in die meeste Europese state beskou kan word.
- Tweedens geniet hierdie tipe politieke akteurs in vier van die 28 state die meeste populêre steun onder die kiesers.
- Derdens geniet hierdie partye en bewegings in 17 van die 28 state populêre kiesersteun van meer as 20%.
- Vierdens blyk dit egter dat alhoewel daar ’n stygende tendens ten aansien van hierdie akteurs se populêre steunbasisse waarneembaar is, steunwisselvalligheid wel voorkom.

Dit moet beklemtoon word dat ofskoon dit nie uit bogemelde statistiek blyk nie, twee onlangse gebeure getoon het dat populistiese mobilisering in Europa en die VK ook op uiters subtiele of “sagte” wyses aangewend word. Die eerste gebeurtenis waarna verwys kan word, is die besluit deur die Britse kiesers tydens ’n referendum gedurende Junie 2016 om daardie staat se lidmaatskap van die EU te beëindig. Hierdie besluit is die direkte gevolg van die aanwending van populistiese mobilisering deur faksies in beide die regerende Konserwatiewe Party as die amptelike opposisie die Arbeidersparty. Hierdie faksies, bekend as die “brexiteers”, het deur veral die gebruik van nasionalistiese retoriek die gewone burgery in Brittanje oortuig dat voortgesette lidmaatskap van die EU, soos voorgestaan deur die “remainers”, nie Britse ekonomiese belange bevorder nie en ’n maatskaplike en kulturele krisis vir die samelewing daarstel (Alden 2016). Die plan waarvolgens die onttrekking sou geskied, is nie destyds in besonderhede aan die kiesers verduidelik nie, maar sou deur ’n proses van onderhandeling met die EU-kommissie en ander lidstate van die EU gefinaliseer word. Die voorgestelde plan waaroor die afgelope twee jaar onderhandel is, blyk egter in die praktyk moeilik uitvoerbaar te wees. Nie alleen het die Britse parlement dit in Januarie 2019 verwerp nie, maar die EU skyn ook nie bereid te wees om verdere toegewings aan die VK te maak nie.

Die tweede gebeurtenis waarna verwys kan word, is die uitslag van die algemene verkiesing in Frankryk gedurende Mei 2017. Hierdie verkiesing is gewen deur Immanuel Macron, die leier van ’n sentristiese politieke beweging bekend as La République En Marche! wat slegs ’n jaar tevore gestig is. Alhoewel die nasionale stempersentasie slegs 42,6% beloop het, het Macron nie alleen 66% van die populêre steun verwerf nie, maar ook daardie politieke partye wat sedert die stigting van die Vyfde Franse Republiek die politieke toneel oorheers het, beslissend verslaan (Ray 2018). Sy sukses by die stembus word deur Bordignon (2017) toegeskryf aan die “sagte” wyse waarop hy populistiese mobilisering as politieke strategie aangewend het. Hy het as politieke buitestander ’n direkte appèl tot die patriotiese Franse kiesers gerig; die elitisme van die bestaande partypolitieke bedeling gekritiseer; die links-regse ideologiese verdeling

veroordeel; ’n ideologies sentristiese posisie ingeneem; en ’n regering beloof wat saamgestel sou word uit kundiges uit die burgerlike samelewing wat die belange van die gewone burgery sou dien.

Laastens is dit belangrik om aan te toon dat die stygende tendens in die populêre steun van Europese politieke partye wat populistiese mobilisering aanwend, duidelike illustrasie vind in die uitslae van die verkiesings wat tussen 23 en 26 Mei 2019 in lidstate van die EU gehou is om die samestelling van die negende Europese Parlement (EP) te bepaal. Hierdie partye, wat wissel van radikaal regs tot radikaal links, het 218 van die 751 setels (29%) in die EP verower teenoor die 24% in die agtste EP en slegs 9% in 1999 (Rankin 2019). Volgens Rooduijn (soos aangehaal deur Rankin 2019) is die invloed van hierdie partye in die EP egter beperk vanweë die feit dat hulle nie as ’n samehorige ideologiese groep of “blok” in die EP funksioneer nie.

4.1.2 Die VSA

Die talle navorsers wat die aanwending van populistiese mobilisering in die VSA bestudeer, wys daarop dat hierdie tipe optrede soos ’n goue draad regdeur die geskiedenis van daardie staat strek. Die besondere strategie is nie alleen gebruik om politieke hervorming te bewerkstellig nie, maar is ook deur ontstoke personalistiese leiers en bewegings regoor die politieke spektrum aangewend om hulle weersin in en vyandigheid jeens die regerende elite in die algemeen of spesifieke beleidsrigtings in die besonder te demonstreer (Gillon 2018).

In die soeke na die wyse waarop populistiese mobilisering in die VSA deur politieke leiers, politieke partye en politieke bewegings aangewend is, is besluit dat die tydlyn soos deur die redakteurs van History.com (2018) ontwikkel, aan die gestelde vereistes van beknoptheid en akkuraatheid voldoen. Opvallend is die belangrike rol wat personalistiese leiers in die aanwending van hierdie besondere strategie in die geskiedenis van die VSA gespeel het.

- Die Know Nothings (1849–1860). Die beweging was gekant teen immigrante en veral diegene met ’n Katolieke geloofsoortuiging. Dit was ’n blote verlengstuk van ’n Protestantse geheime organisasie bekend as die Order of the Star Spangled Banner. In 1854 het die Know Nothings die Amerikaanse Party gevorm, maar is in 1860 ontbind.
- Die Greenback Party (1874–1888). Die beweging is gevorm deur agrariese gemeenskappe met die oogmerk om inflasie te inisieer ten einde die skuldlas te verlig. Verder is geagiteer vir ’n verkorte werksweek en arbeidshervorming. Die party is in 1888 ontbind.
- Die Populistiese Party of Volksparty (1892–1908). Die party het sigself beywer vir dieselfde beleidsprogram as die Greenback Party met klem op die instelling van ’n verbod op grondbesit deur buitelanders en staatsbeheer oor die spoornetwerk. Vroue het ’n prominente rol gespeel en die belangrikheid van matigheid (“temperance”) beklemtoon ten einde korrupsie teen te werk. Die party is in 1908 ontbind.
- William Jennings Bryan (1860–1925). Bryan het oor besondere oratoriese vaardighede beskik en homself beskou as die beskermheer van die “gewone persoon”. Hy was ’n oortuigde teenstander van imperialisme. In 1912 is hy deur president Woodrow Wilson as minister van buitelandse sake aangestel. Sy teenkanting teen deelname aan die Eerste Wêreldoorlog het egter tot sy bedanking gelei. Na sy bedanking het Bryan hom beywer vir vrouestemreg en die verbod op die produksie en gebruik van alkoholiese drank.
- Huey Long (1893–1935). Long was die eerste leier in die 20ste eeu wat populistiese mobilisering as strategie sou aanwend om steun te werf vir sy sosialistiese idees. Hy

het met sy slagspreuk “Every man a king” wye steun gemobiliseer. Hy is in 1930 tot die senaat verkies, maar het in 1935 in ’n sluipmoordaanval gesterf.

- Charles Coughlin (1891–1979). Coughlin was ’n Katolieke priester wat bekendheid verwerf het vir sy gebruik van die media om sy nasionalistiese retoriek te verkondig. Sy weeklikse radio-uitsending waarin hy aanvalle op sosialisme en kommunisme geloods het, is deur 30 miljoen luisteraars gevolg. Sy anti-Semitiese retoriek het egter uiteindelik tot sy ondergang gelei.
- George Wallace (1919–1998). As goewerneur van die deelstaat Alabama het Wallace bekendheid verwerf vir sy verkondiging van rassesegregasie. Hy het by vier geleenthede probeer om tot president van die VSA verkies te word. Hy is in 1972 in ’n sluipmoordaanval gewond. Hy het die res van sy lewe as invalide geslyt.
- Ross Perot (1930–2019). As eksponent van ’n konserwatiewe lewens-en wêreldbeskouing het Perot veral gedurende die 1990’s opgang gemaak. Hy was ’n kandidaat in twee presidentsverkiesingsveldtogte. In 1992 het hy 19% van die populêre steun verwerf, maar in 1996 teruggesak met ’n steunbasis van slegs 8%.
- Die Tea Party (2009–). Die Tea Party het in 2009 ontstaan na die verkiesing van Barack Obama as president. Die party het veral bekendheid verwerf vir die samesweringsteorieë wat in verband met Obama ontwikkel is ten einde die Konserwatiewe Party na verder regs op die politieke spektrum te dwing. Die Tea Party is ook nou verbind met ’n ander konserwatiewe beweging bekend as die Freedom Caucus.
- Occupy Wall Street (2011). Hierdie beweging het ná die finansiële krisis van 2011 ontstaan. Vanweë die feit dat dit nie oor prominente leiers beskik het nie, kan dit streng gesproke as ’n spontane versetbeweging beskou word. Die beweging het nietemin bekendheid verwerf vir die wye steun wat dit oor die volle politieke spektrum kon monster en die felle veroordeling van die Amerikaanse bankwese.
- Bernie Sanders (2016–). Sanders het gedurende die presidensiële veldtog van 2016 as onafhanklike teenstander van Hillary Clinton van die Demokratiese Party ’n kragtige anti-elitistiese veldtog teen ekonomiese ongelykheid in die VSA gevoer. Beide Sanders en Clinton moes egter in die verkiesing die knie buig voor Donald Trump van die Republikeinse Party.
- Donald Trump (2016–). Gedurende die verkiesingsveldtog van die miljardêr-eiendomsmagnaat Donald Trump in 2016 is die toepassing van populistiese mobilisering as politieke strategie tot nuwe en ongekende hoogtes in die VSA gevoer. Deur die manipulasie van inligting, die benutting van sosiale media en die gebruik van mediagroepe wat nie “fopnuus” versprei nie, het hy daarin geslaag om sy nasionalistiese en anti-elitistiese retoriek op ’n wyse te verkondig wat hom ’n oorwinning in die presidentsverkiesing sou besorg. Volgens History.com (2018) was Trump se populistiese mobiliseringstrategie ’n voortsetting van die tipe politieke mobilisering en retoriek soos deur die Tea Party geïnisieer, maar in ’n verpersoonlikte vorm. Aangevuur deur die nasionalistiese slagspreuk “Make America Great Again” het Trump sy ondersteuners belowe om, as welwillende kampvegter vir die “ware Amerikaners”, alle internasionale ooreenkomste wat volgens hom tot nadeel van die VSA strek, ongedaan te maak of opnuut daaroor te onderhandel; om die krisis wat onwettige immigrasie daarstel te bekamp deur die oprigting van ’n muur op die grens met Meksiko; isolasionisme te bevorder selfs al sou dit verbintenisse en formele verdrae met Europese en ander bondgenote regoor die wêreld in gevaar stel; en om die “moeras” wat deur die vorige elitistiese Demokratiese Party-regering in die federale hoofstad Washington geskep is, te “dreineer”.

4.1.3 Latyns-Amerika

Die groot aantal navorsers wat die aanwending van populistiese mobilisering in Latyns-Amerika bestudeer, is dit eens dat dit dié wêrelddeel is waar die besondere politieke strategie die langste tradisie het en op die mees volgehoue, wydverspreide en omvangryke wyse toegepas is. Die rede vir hierdie sonderlinge reputasie kan volgens Mudde en Kaltwasser (2017:27–8) toegeskryf word aan die kombinasie van ’n hoë vlak van sosio-ekonomiese ongelykheid aan die een kant en betreklik lang tydperke van demokratiese regering aan die ander kant.

Dit was veral die konsentrasie van politieke en ekonomiese mag in die hande van ’n klein minderheid in die meeste Latyns-Amerikaanse samelewings wat die gebruik van populistiese mobilisering sedert die 1930’s baie aantreklik gemaak het. Hierdie toedrag van sake het dit vir personalistiese leiers moontlik gemaak om die bestaan van ’n oligargie (“oligarquía”) te identifiseer wat optree sonder inagneming van en respek vir die belange en wense van die gewone burgery (“el pueblo”). Gereelde vrye verkiesings het aan kiesers ’n meganisme gebied waardeur hulle hul ontevredenheid met die bogemelde stand van sake kon demonstreer. Teen hierdie agtergrond beskou, is dit nie vreemd dat kiesers regdeur Latyns-Amerika hulle steun verleen aan partye en leiers wat belowe het om ’n owerheidsvorm daar te stel waarin *el pueblo* hulself kan regeer pleks van om deur ’n oligargie regeer te word nie.

Tawney (2018) en Gregoire (2017) stem saam met Mudde en Kaltwasser en wys daarop dat populistiese mobilisering nie intrinsiek deel is van Latyns-Amerika nie, maar die gevolg is van die diepgaande ekonomiese en maatskaplike ongelykheid in alle samelewings. In Tabel 2 hier onder word ’n aanduiding gegee van die state in Latyns-Amerika waar leiers en partye gedurende die tydperk 1990 tot 2019 regeerposisies bekom het deur die aanwending van populistiese mobilisering.

Tabel 2. State in Latyns-Amerika waar leiers van politieke partye gedurende die tydperk 1990–2019 regeerposisies verwerf het deur die aanwending van populistiese mobilisering

STAAT	LEIER VAN PARTY	REGEERTYDPERK
Argentinië	Carlos Menem	1989–1999
Argentinië	Néstor Kirchner	2003–2007
Argentinië	Cristina Fernández de Kirchner	2007–2015
Bolivia	Evo Morales	2006–
Brasilië	Fernando Collor de Mello	1990–1992
Brasilië	Jair Bolsonaro	2019–
Ecuador	Abdalá Bucaram	1996–1997
Ecuador	Rafael Correa	2007–2017
Nicaragua	Daniel Ortega	2007–
Paraguay	Fernando Lugo	2008–2012
Peru	Alberto Fujimori	1990–2000
Venezuela	Rafael Caldera	1994–1999
Venezuela	Hugo Chávez	1999–2013
Venezuela	Nicolás Maduro	2013–

Bronne: Kyle en Gultchin (2018); Meredith (2019)

Volgens Mudde en Kaltwasser (2017) het die aanwending van populistiese mobilisering in Latyns-Amerika in drie golfbewegings plaasgevind. Die eerste golfbeweging het in 1929 met die Groot Depressie ontstaan en voortgeduur tot die opkoms van die sogenaamde burokratiese outoritêre regimes aan die einde van die 1960's. Gedurende hierdie tydperk het Latyns-Amerikaanse state geworstel met die krisis van integrasie ("incorporation"). Kortliks kom dit daarop neer dat namate migrasie vanuit die plattelandse gebiede na die stedelike sentra toegeneem het en ekonomiese hervormings die groei van nywerhede tot gevolg gehad het, die eise vir politieke en ekonomiese regte dienooreenkomstig toegeneem het. Die gevolg was dat politieke leiers met politieke projekte vorendag gekom het waarin van populistiese mobilisering gebruik gemaak is. In Argentinië, Brasilië en Ecuador het leiers soos Juan Domingo Perón, Getúlio Vargas en José María Velasco Ibarra inderdaad aan bewind gekom en vir lang tydperke aan bewind gebly deur korrupte oligargieë vir die uitbuiting van die gewone burgery te blameer.

Die tweede golf in die toepassing van populistiese mobilisering was in terme van tydsduur korter as die eerste golfbeweging en het ook minder resultate opgelewer. Soos dit uit Tabel 2 blyk, het dit in die vroeë 1990's ontstaan en is dit geïnisieer met die bewindsaanvaarding van Carlos Menem in Argentinië, Fernando Collor de Mello in Brasilië en Alberto Fujimori in Peru. Hierdie leiers is aan bewind gestel nieteenstaande die feit dat hulle nie met duidelike ekonomiesehervormingsprogramme vorendag gekom het nie. Na hulle bewindsoorname het hulle egter nie geaarsel om hul toevlug tot die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) te neem wat op neoliberale hervormings aangedring het nie. Ofskoon hierdie hervormings nie gewild was nie, het dit wel daartoe bygedra om die ekonomieë van hierdie state te stabiliseer. Die aanvaarding van hierdie hervormingsmaatreëls het egter, anders as tydens die eerste golfbeweging, die politieke leiers geforseer om aanpassing aan hulle politieke retoriek met betrekking tot die identifisering van die politieke elite aan te bring. Die elite is nou op opportunistiese wyse geïdentifiseer as daardie politieke akteurs wat neoliberale hervormings teengestaan het en 'n omvattende ekonomiese rol vir die staat voorgestaan het.

Die derde en huidige golf van populistiese mobilisering in Latyns-Amerika het in 1998 begin met die bewindsaanvaarding van Hugo Chávez in Venezuela. Dit het daarna versprei na Bolivia (Evo Morales), Ecuador (Rafael Correa), Nicaragua (Daniel Ortega) en ander state soos in Tabel 2 aangedui. Kenmerkend van die populistiese mobiliseringstrategieë soos deur hierdie leiers toegepas, is (soos gedurende die eerste golfbeweging) die gebruik van sosialistiese en anti-elitistiese retoriek ten einde die steun van die gewone burgery te mobiliseer en terselfdertyd hulle teenkanting teen die oligargiese vryemarkstelsel, waartoe leiers hulle gedurende die tweede golfbeweging verbind het, te beklemtoon.

Die aanwending van populistiese mobilisering in Latyns-Amerika het onlangs egter 'n belangrike wending geneem met die verkiesing van Jair Bolsonaro as president van Brasilië met ingang 2019. Waar ander leiers tydens die derde golf bekendheid verwerf het vir hulle sosialistiese en anti-elitistiese retoriek, beklemtoon Bolsonaro sy verbintenis tot ekonomiese liberalisme en globalisering. Tydens die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) se beraad in Davos, Switserland gedurende Januarie 2019 het hy nie alleen die hoofrede gelewer nie, maar ook beklemtoon dat die "nuwe Brasilië" 'n "nuwe era" betree het en "oop is vir besigheid". Sy kritici verwys dan ook na hom as "Die Trump van die Trope" (Meredith 2019).

4.2 Die drie sekondêre streke

Populistiese mobilisering word volgens die groot getal navorsers wat dit bestudeer, ook in toenemende mate as politieke strategie deur leiers van sowel regerende partye as opposisiegroeperings buite die hoofstreke aangewend. In hierdie verband sal na die aanwending daarvan in Asië, die Midde-Ooste en Sub-Sahara-Afrika verwys word.

4.2.1 Asië

Navorsers wat die opkoms van populistiese mobilisering in Asië bestudeer, wys daarop dat die aanwending van hierdie besondere strategie wydverspreid voorkom. Tekenend is die feit dat, volgens Kyle en Gultchin (2018), 40% van die Asiatiese bevolking van 4,5 miljard vandag regeer word deur leiers wat aan bewind gekom het deur populistiese mobilisering toe te pas.

Die Asiatiese toepassing van populistiese mobilisering verskil egter van die aanwending in die hoofstreke. Volgens Kurlandzick (2018) kan die belangrikste verskille soos volg opgesom word:

- Eerstens word hierdie besondere mobiliseringstrategie veral aangewend deur outoritêre politieke leiers. Kenny (2018) sluit aan by Kurlandzick en verklaar prontuit dat populistiese mobilisering in Asië by uitstek deur charismatiese leiers aangewend word en nie deur politieke partye of bewegings nie.
- Tweedens verskil die retoriek deurdat leiers in mindere mate op immigrasie, ekonomiese en handelskwessies fokus.
- Derdens word in die retoriek swaar geleun op die uitbuiting van etniese en godsdienstige verskille en die bekamping van dwelmhandel en misdaad.
- Vierdens word die aanwending van hierdie strategie vergemaklik deurdat die tradisionele politieke partye histories nie as bastions van demokrasie beskou is nie.
- Laastens word die aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie bevorder deurdat die middelklasse in Asiatiese samelewings tradisioneel ’n geneigdheid toon om personalistiese politieke leiers met ’n outoritêre geneigdheid te steun.

Die aanwending van populistiese mobilisering deur personalistiese leiers in Asië vind waarskynlik die treffendste illustrasie in die Filippyne. Volgens Putzel (2018) is alle aanwysers wat die aanwending van hierdie strategie in die ontwikkelde en ontwikkelende wêreld tipeer, waarneembaar in die opkoms en regeerstyl van die huidige president, Rodrigo Duterte. Ter illustrasie verwys Putzel (2018) na die volgende:

- Sy posisionering van homself as ’n politieke “buitestander” wat in die naam van die gewone burgery (die *tao*) die magsugtige en korrupte elite (die *trapos*) uit hulle bastions van mag wil verdryf.
- Sy ondermyning van die gevestigde media, akademici en ander wetenskaplikes deur die manipulering van inligting en die beklemtoning van “alternatiewe feite”.
- Sy ongeëwenaarde gebruik van die sosiale media, veral Twitter en Facebook.
- Sy ondermyning van die gevestigde politieke strukture en politieke partye. Volgens Kenny (2018) is sy taak aansienlik vergemaklik deurdat 90% van Filippynse kiesers hulself nie onlosmaaklik met een van die bestaande politieke partye assosieer nie.

- Sy uitbuiting van die vrese van die gewone burgery vir die gevare wat dwelmhandel en dwelmverslawing van jeugdiges vir die samelewing inhou. Sy antidwelmveldtog ("penal populism") het na sy eerste bewindsjaar reeds die lewens van tussen 12 000 en 20 000 Filippynse burgers gekos.
- Sy verkondiging van patriargie en kru verguising van opponerende vrouebewegings.
- Sy aanstelling van ondersteuners in regeringsposte ongeag hulle ideologiese verbintenisse.

Die gebruik van populistiese mobilisering deur personalistiese leiers is, met die uitsondering van die Russiese Federasie, ook opvallend in ander Asiatiese state. Die volgende state dien ter illustrasie:

- In Indië het die Bharatiya Janata-party (BJP) die verkiesing van 2014 gewen suiwer op grond van die leier, Narendra Modi, se demonisering van die tradisionele elite, uitbuiting van Hindoe-nasionalisme, en direkte kommunikasie met die Hindoe-bevolkingsgroep deur gebruikmaking van die sosiale media. Volgens Kenny (2018) het 25% van die Indiese kiesers tydens die verkiesing van 2014 vir Modi gestem ofskoon hulle nie ondersteuners van die BPJ is nie. Gedurende die verkiesing van 2019 het die BJP, deur die aanwending van dieselfde populistiese mobiliseringstrategie as in 2014, 302 van die 543 parlementêre setels verower (Mondal 2019).
- In 2001 het Thaksin Shinawatra in Thailand aan bewind gekom deur populistiese mobilisering aan te wend. Ofskoon sy bewind tydens 'n staatsgreep deur die weermag omver gewerp is, is sy ekonomiese beleidsrigtings, wat die verbetering van die lewenstandaard van die gewone burgery ten oogmerk het, volgens Kurlandzick (2018), steeds gewild.
- In sy navorsing wys Hara (2017) daarop dat populistiese mobilisering ook in Indonesië aangewend word deur personalistiese leiers soos Joko Widodo, die president, en Prabowo Subianto, die opponerende kandidaat tydens die presidentsverkiesing.
- Volgens Stewart en Wasserstrom (2016) word populisties mobilisering reeds sedert 2012 deur die eerste minister, Shinzo Abe, as leier van die Liberale Demokratiese Party (LDP) in Japan aangewend. Die suksesvolle wyse waarop hy hierdie strategie aanwend, blyk uit die feit dat hy 60% van die populêre steun geniet en die langsdienende politieke leier in die naoorlogse geskiedenis van Japan is.
- Stewart en Wasserstrom (2016) wys ook daarop dat ofskoon die politieke stelsel van die Chinese Volksrepubliek as 'n eenparty- outoritêre stelsel beskou word, dit nie die politieke leierskap daarvan weerhou om populistiese mobilisering aan te wend nie. Die gebruik deur president Xi Jinping van die slagspreuk "Die Chinese Droom", die verbintenis tot 'n markekonomie en die massiewe opheffing van die middelklasse toon noue ooreenstemming met die slagspreuk van president Trump, "Make America Great Again".
- Dit is belangrik om te meld dat alhoewel die Russiese leier, Vladimir Putin, nie aan bewind gekom het deur die aanwending van populistiese mobilisering nie, hy volgens Alexander Rubtsov (soos aangehaal deur Van Herpen 2018) wel die kragtige oplewing van populistiese mobilisering in die res van die wêreld strategies uitbuit om Russiese geopolitieke doelwitte te bevorder.

4.2.2 Midde-Ooste

Hadiz (2011) wys daarop dat populistiese mobilisering in die Midde-Ooste die afgelope dekades deur twee groeperings aangewend is. Aanvanklik was dit deur die leiers van die kleinsakelui ("petty bourgeoisie"), wat bestaan het uit stedelike handelaars, kleinboere en die landelike elite aangewend. Die eietydse aanwending, waarna Hadiz (2011) as Nuwe Islamitiese Populisme verwys, geskied deur 'n alliansie van leiers van uiteenlopende groeperings: die gemarginaliseerde groepe in die kleinsakesektor, die nuwe stedelike laermiddelklas, en die groeiende verarmde stedelike massas. In beide groeperings is en word die verdeling van samelewings tussen die moreel deugsame "ummah" (die mense) en die korrupte elite beklemtoon.

Waarskynlik die beste voorbeeld rakende die aanpassing van populistiese mobilisering as politieke strategie in die eietydse Midde-Ooste is Turkye. In hulle navorsing oor die onderwerp wys Aytaç en Elçi (2018:89–90) daarop dat die leierskap van die bewindhebbende politieke party in Turkye, naamlik die Party vir Geregtigheid en Ontwikkeling (AKP), reeds sedert die stigting daarvan hierdie besondere politieke strategie aanwend. Die sukses wat die AKP bereik, kan aan die volgende toegeskryf word:

- Die politieke verdelings in die Turkse samelewing is van sodanige aard dat dit die toepassing van 'n populistiese mobiliseringstrategie bevorder.
- Die huidige leier van die AKP, Recep Tayyip Erdoğan pas populistiese mobilisering as politieke strategie (Erdoğanisme) in al sy dimensies reeds sedert sy verkiesing as eerste minister in 2003 en as president sedert 2014 toe. Erdoğan se bekende vraag aan sy opponente is tiperend: "Ons is die burgery ('people'). Wie is julle?" Sy ewe bekende antwoord op sy vraag is: "Ons is die burgery. Julle is die vyande van die burgery."
- Die Turkse kieserspubliek het die premisse waarop 'n populistiese mobilisering rus, geïnternaliseer.

4.2.3 Sub-Sahara-Afrika

Soos in die meeste wêrelddele word populistiese mobilisering as politieke strategie in toenemende mate deur personalistiese leiers regdeur die streek aangewend. In haar navorsing ter verklaring van hierdie besondere verskynsel het Resnick (2010:1) bevind dat twee faktore 'n bepalende rol speel.

- Eerstens is die aanwending van populistiese mobiliseringstrategieë simptomaties van die aard van bestaande politiekepartystelsels in Sub-Sahara-Afrika. Sy beklemtoon die onvermoë van partye om programme te ontwikkel wat aanloklik sal wees vir die swak-opgevoede kiesers. (Die kiesers in state in Sub-Sahara-Afrika word inderdaad as die mees swak-opgevoede kiesers in die wêreld beskou. Dit blyk uit gegewens wat deur die Unesco Instituut vir Statistiek (UIS) (2019) verstrek is: Meer as een-vyfde van kinders tussen die ouderdomme van 6 en 11 is nieskoolgaande, gevolg deur een-derde van jeugdiges tussen 12 en 14 en 60% van jeugdiges tussen 15 en 17.)
- Tweedens het die snelle verstedeliking wat die afgelope dekades plaasgevind het, sonder genoegsame ekonomiese groei armoede in alle stede in Afrika, tradisioneel die sentrum van politieke mag, vererger. (Ter illustrasie wys Cheeseman 2018 daarop dat 21 van die 30 snelgroeiendste stede in die wêreld in Afrika geleë is.)

Hierdie toedrag van sake het nie alleen die stedelike armes ontvanklik gemaak vir die populistiese mobiliseringstrategieë van die politieke leiers nie, maar ook nuwe temas geskep wat deur die leierskap in hulle "retoriese taktiek" gebruik kon word. Nog meer: die informalisering van die ekonomie wat met snelle verstedeliking gepaard gegaan het, het die invloed wat instellings in die burgerlike samelewing voorheen uitgeoefen het, verminder en die geleentheid vir die politieke leierskap geskep vir direkte kontaksluiting met die massas.

Resnick (2010:2) beklemtoon egter die feit dat alhoewel verstedeliking in Afrika teen 'n ongekende tempo plaasvind, geen personalistiese politieke leier enige hoop op 'n bewindsoorname het sonder die steun uit die landelike gebiede nie. Sy het dan ook inderdaad bevind dat die suksesvolle aanwending deur leiers van populistiese mobiliseringstrategieë bepaal is deur die mate waartoe die leiers daarin geslaag het om kommunikasie te bewerkstellig met sowel die verarmde stedelike bevolking as segmente van die landelike kiesers. 'n Verdere belangwekkende bevinding deur Resnick (2010:2) is dat die landelike kiesers meestal deur die uitbuiting van etnolinguistiese sentimente gemobiliseer word, terwyl die verarmde stedelike kiesers se steun gemobiliseer word deur beloftes van dienslewering, behuising en indiensneming. Met ander woorde, die aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie in Sub-Sahara-Afrika berus dus op die vorming van sogenaamde metropolitaanse en periferale koalisies.

Die bevindings waartoe Resnick (2010:2) kom, is gebaseer op die bestudering van die populistiese mobilisasiestrategieë soos aangewend deur die voormalige president van Zambië, Michael Sata, die voormalige eerste minister van Kenia, Raila Odinga, en die voormalige president van Suid-Afrika, Jacob Zuma. Hierdie leiers het almal 'n drieledige populistiese mobilisasiestrategie aangewend ingevolge waarvan

- die verarmde stedelike kieserskorps as primêre teiken gedien het
- mense tot optrede aangespoor is deur 'n kombinasie van charisma en 'n anti-elitistiese en nasionalistiese retoriek waarin die klem geplaas is op kwessies rakende etnisiteit, rassisme en maatskaplike en ekonomiese uitsluiting
- die personalistiese leier as 'n welwillende kampvegter vir die gewone persoon geposisioneer is.

In die geval van Jacob Zuma het die aanwending van sy populistiese mobiliseringstrategie misluk namate sy betrokkenheid by neopatrimonialisme, staatskaping, korrupsie en wanbestuur van die ekonomie gedemonstreer het dat hy die burgery mislei het deur homself as 'n welwillende kampvegter vir die gewone persoon te projekteer. Hy is uiteindelik deur die ANC uit sy amp verwyder.

Alhoewel Resnick slegs op bogemelde gevallestudies konsentreer, is die aanwending van bogemelde populistiese mobiliseringstrategie steeds waarneembaar by etlike eietydse politieke leiers en politieke partye in Sub-Sahara-Afrika. Met spesifieke verwysing na Suid-Afrika word populistiese mobilisering deur etlike politieke partye aangewend. Tiperend is die verkiesingsmanifes wat op 12 Januarie 2019 deur die regerende ANC bekendgestel is met die oog op die komende algemene verkiesing. Die nuutverkose president, Cyril Ramaphosa, het, soos sy voorganger, 'n beeld van homself geprojekteer as 'n welwillende kampvegter vir die gewone burgery. Aanduidend is sy "Thuma mina"-projek. Verder het hy, soos sy voorganger, die beloftes aan die massas in die stedelike en landelike gebiede wat deur ekonomiese en maatskaplike uitsluiting geaffekteer word, grootliks herhaal. Tiperend is die belofte van

"grondonteiening sonder vergoeding". Sy uitbuiting van etnolinguistiese sentimente is ook nie verskillend van dié van sy voorganger nie.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat terwyl daar ooreenkomste is in die wyses waarop Zuma en Ramaphosa populistiese mobilisering as politieke strategie aanwend, daar ook duidelike verskille is. Anders as sy voorganger se sosialistiese en anti-elitistiese retoriek (die plasing van blaam op witmonopoliekapitaal vir die werkloosheid, armoede en ongelykheid in die samelewing en die regstelling daarvan deur "radikale ekonomiese transformasie") het Ramaphosa, soos president Bolsonaro van Brasilië, 'n nuwe liberale koers ingeslaan en sy retoriek daarby aangepas. Tiperend is nuwe slagspreuke soos "A New Dawn" en "One South Africa for All" waarmee hy vorendag gekom het. Hy het selfs so ver gegaan om homself en die ANC van die term *witmonopoliekapitaal* te distansieer, 'n aksieplan te ontwikkel om grootskaalse direkte buitelandse investering te bevorder, en die sakelui eervol te vermeld vir die ekonomiese ontwikkeling wat wel in Suid-Afrika bewerkstellig is nieteenstaande "nege vermorste jare" van korrupsie en wanbestuur deur sy voorganger (Cilliers 2018).

Bibliografie

Alden, E. 2016. What Brexit reveals about rising populism. *Council on Foreign Relations*, 29 Junie. https://www.cfr.org/interview/what-brexit-reveals-about-rising-populism (29 April 2019 geraadpleeg).

Aytaç, S.E. en C. Elçi. 2018. Populism in Turkey. http://home.ku.edu.tr/~saytac/uploads/4/4/6/3/44632775/Aytac_Elci_Populism_in_Turkey_2018.pdf (8 Januarie 2019 geraadpleeg).

Bordignon, F. 2017. In and out: Immanuel Macron's anti-populist populism. *London School of Economics and Political Science.* http://blogs.lse.ac.uk/europpblog/2017/04/28/macron-anti-populist-populism (22 Januarie 2019 geraadpleeg).

Cambridge University Press. 2017. "Populism" revealed as 2017 word of the year by Cambridge University Press. https://www.cam.ac.uk/news/populism-revealed-as-2017-word-of-the-year-by-cambridge-university-press (19 Desember 2018 geraadpleeg).

Cheeseman, N. 2018. Africa is urbanising fast – and its leaders are struggling to adapt. *Mail and Guardian,* 20 September. https://mg.co.za/article/2018-09-20-africa-is-urbanising-fast-and-its-leaders-are-struggling-to-adapt (29 Januarie 2019 geraadpleeg).

Chiocchetti, P. 2017. Populism. *Resume*. Universiteit van Luxemburg. https://resume.uni.lu/story/populism (29 April 2019 geraadpleeg).

Cilliers, C. 2018. Ramaphosa says talk of "white monopoly capital ends today". *The Citizen*, 28 Oktober. https://citizen.co.za/business/2028934/ramaphosa-says-talk-of-white-monopoly-capital-ends-today (28 Januarie 2018 geraadpleeg).

Cox, M. 2017. Understanding the global rise of populism. *London School of Economics Ideas*. Strategiese bywerking in Februarie 2018. http://www.lse.ac.uk/ideas/Assets/Documents/updates/LSE-IDEAS-Understanding-Global-Rise-of-Populism.pdf (17 Januarie 2019 geraadpleeg).

Eiermann, M., Y. Mounk en L. Gultchin. 2017. European populism: Trends, threats and future prospects. Tony Blair Institute for Global Change. 29 Desember. https://institute.global/insight/renewing-centre/european-populism-trends-threats-and-future-prospects (21 Januarie 2019 geraadpleeg).

Encyclopaedia Britannica. 2018. Narodnik. Russian Social Movement. https://www.britannica.com/event/Narodnik (24 Desember 2018 geraadpleeg).

Fruhlinger, J. 2019. How Donald Trump measures up on Twitter. *Thinknum*. https://media.thinknum.com/articles/donald-trumps-twitter-career-visualized (25 Januarie 2019 geraadpleeg).

Fukujama, F. en R. Muggah. 2018. Populism is poisoning the global liberal order. *The Globe and Mail*, 29 Januarie. https://www.theglobeandmail.com/opinion/populism-is-poisoning-the-global-liberal-order/article37777370 (14 Desember 2018 geraadpleeg).

Gidron, N. en Bart Bonikowski. 2013. Varieties of populism: Literary review and research agenda. *Weatherhead Center for International Affairs,* Harvard-universiteit. https://scholar.harvard.edu/files/gidron_bonikowski_populismlitreview_2013.pdf (16 Desember 2018 geraadpleeg).

Gillon, S.M. 2018. Why populism in America is a double-edged sword. *History.com.* https://www.history.com/news/why-populism-in-america-is-a-double-edged-sword (22 Januarie 2019 geraadpleeg).

Green, D. 2018. Of the world's top 100 economic revenue collectors, 29 are states, 71 are corporates. Oxfam, 3 Augustus. https://oxfamblogs.org/fp2p/of-the-worlds-top-100-economic-entities-29-are-states-71-are-corporates (5 Februarie 2019 geraadpleeg).

Gregoire, P. 2017. In Latin America, populism is alive and well. https://www.forbes.com/sites/stratfor/2017/08/15/in-latin-america-populism-is-alive-and-well/#8c2cff067bf3 (27 Desember 2018 geraadpleeg).

Hadiz, V.R. 2011. The new Islamic populism. *Global Dialogue. Magazine of the International Sociological Association,* 2(2). http://globaldialogue.isa-sociology.org/the-new-islamic-populism (17 April 2019 geraadpleeg).

Hara, A.E. 2017. Populism in Indonesia and its threats to democracy. https://www.researchgate.net/publication/323181667_Populism_in_Indonesia_and_its_Threats_to_Democracy (8 Januarie 2018 geraadpleeg).

Harris, C. 2018. Explained: The rise and rise of populism in Europe. *Euronews,* 21 Maart. https://www.euronews.com/2018/03/15/explained-the-rise-and-rise-of-populism-in-europe (22 Januarie 2019 geraadpleeg).

Henley, J. 2018. How populism emerged as an electoral force in Europe. *The Guardian*, 20 November. https://www.theguardian.com/world/ng-interactive/2018/nov/20/how-populism-emerged-as-electoral-force-in-europe (22 Januarie 2019).

History.com. 2018. Populism in the USA: A timeline. Bygewerk 7 Desember 2018. https://www.history.com/topics/us-politics/populism-united-states-timeline (27 Desember 2018 geraadpleeg).

Jansen, R.S. 2011. Populist mobilization: A new theoretical approach to populism. *Sociological Theory*, 29(2), Junie. https://deepblue.lib.umich.edu/bitstream/handle/2027.42/112280/j.1467-9558.2011.01388.x.pdf?sequence=1&isAllowed=y (8 Desember 2018 geraadpleeg).

Kenny, P.D. 2018. Populist leaders, not populist parties, are driving Asian politics. *Eastasiaforum*, 26 Junie. http://www.eastasiaforum.org/2018/06/26/populist-leaders-not-populist-parties-are-drivin-asian-politics (8 Januarie 2019 geraadpleeg).

Kurlandzick, J. 2018. Southeast Asia's populism is different but also dangerous. *Council on Foreign Relations.*https://www.cfr.org/article/southeast-asias-populism-different-also-dangerous (22 Januarie 2019 geraadpleeg).

Kyle, J. en L. Gultchin. 2018. Populists in power around the world. *Tony Blair Institute for Global Change*. https://institute.global/insight/renewing-centre/populists-power-around-world (25 Januarie 2019 geraadpleeg).

Lewis, P., S. Clarke, C. Barr, J. Holder, N. Kommenda. 2018. Revealed: One in four Europeans vote populist. *The Guardian*, 20 November. https://www.theguardian.com/world/ng-interactive/2018/nov/20/revealed-one-in-four-europeans-vote-populist (22 Januarie 2019 geraadpleeg).

Meredith, S. 2019. Business leaders in Davos "don't care" if Brazil's Bolsonaro is a populist – it's all about economic reform. *CNBC*, 25 Januarie. https://www.cnbc.com/2019/01/25/wef-business-leaders-dont-care-if-brazils-bolsonaro-is-a-populist.html (26 Januarie 2019 geraadpleeg).

Mondal, S. 2019. India votes Modi back with landmark mandate. *Aljazeera*, 24 Mei. https://www.aljazeera.com/news/2019/05/india-votes-modi-landmark-mandate-190523122306435.html (28 Junie 2019 geraadpleeg).

Mudde, C. 2015. Populism in Europe: A primer. *Open Democracy. Free Thinking for the World*, 12 Mei. https://www.opendemocracy.net/can-europe-make-it/cas-mudde/populism-in-europe-primer (15 Desember 2018 geraadpleeg).

—. 2017. Why nativism, not populism, should be declared the word of the year. *The Guardian,* 7 Desember. https://www.theguardian.com/commentisfree/2017/dec/07/cambridge-dictionary-nativism-populism-word-year (31 Januarie 2019 geraadpleeg).

Mudde, C. en C.R. Kaltwasser. 2017. *Populism. A very short introduction.* Oxford University Press. http://www.academia.edu/37274391/MUDDE_Cas_KALTWASSER_Crist%C3%B3bal_Rovira._Populism_A_very_short_introduction._Oxford_University_Press_2017 (27 Desember 2018 geraadpleeg).

Putzel, J. 2018. The Philippines as an extreme case in the worldwide rise of populist politics. LSE Suidoos-Asië. *Medium.com*. https://medium.com/@lseseac/the-philippines-as-an-extreme-case-in-the-worldwide-rise-of-populist-politics-6cdd248a079b (22 Januarie 2019 geraadpleeg).

Rankin, J. 2019. Why populists could struggle to capitalise on EU elections success. *The Guardian,* 28 Mei. https://www.theguardian.com/politics/2019/may/28/why-populists-could-struggle-to-capitalise-on-eu-elections-success (28 Junie 2019 geraadpleeg).

Ray, M. 2018. Emmanuel Macron. President of France. *Encyclopaedia Britannica*, 17 Desember. https://www.britannica.com/biography/Emmanuel-Macron (5 Februarie 2019 geraadpleeg).

Resnick, D. 2010. Populist strategies in African democracies. *UNU-WIDER*, Oktober. http://purochioe.rrojasdatabank.info/wp2010-114.pdf (29 Januarie 2019 geraadpleeg).

Rooduijn, M. 2013. *A populist zeitgeist? The impact of populism on parties, media and the public in Western Europe*. Doktorale proefskrif, Universiteit van Amsterdam. https://pure.uva.nl/ws/files/1808798/119430_thesis.pdf (21 Januarie 2019 geraadpleeg).

—. 2014. The nucleus of populism. In search of the lowest common denominator. *Government and Opposition*, 49(4). https://www.cambridge.org/core/services/aop-cambridge-core/content/view/S0017257X13000304 (22 Januarie 2019 geraadpleeg).

—. 2018. Why is populism suddenly all the rage? *The Guardian*, 20 November. https://www.theguardian.com/world/political-science/2018/nov/20/why-is-populism-suddenly-so-sexy-the-reasons-are-many (11 Februarie 2019 geraadpleeg).

Stewart, D.T. en J. Wasserstrom. 2016. The global populist surge is more than just a Western story – look at Asia. *The Diplomat*, 10 Desember. https://thediplomat.com/2016/12/the-global-populist-surge-is-more-than-just-a-western-story-just-look-at-asia/ (8 Januarie 2019 geraadpleeg).

Tawney, J. 2018. Populism in Latin America. *International Policy Digest*, 12 Januarie. https://intpolicydigest.org/2018/01/12/populism-latin-america (28 Desember 2018 geraadpleeg).

Unesco Institute for Statistics, 2019. Education in Africa. http://uis.unesco.org/en/topic/education-africa (29 Januarie 2019 geraadpleeg).

Universiteit van Helsinki. 2018. Mainstreaming populism in the 21st century. https://blogs.helsinki.fi/populismi/ (30 Januarie 2019 geraadpleeg).

Van Herpen, M.H. 2018. Will populism come to Russia? *The National Interest*, 20 September. https://nationalinterest.org/feature/will-populism-come-russia-31602 (11 Februarie 2019 geraadpleeg).

Weyland, K. 2001. Clarifying a contested concept: Populism in the study of Latin American politics. *Comparative Politics*, 34(1), Oktober. https://www.jstor.org/stable/422412 (26 Januarie 2019 geraadpleeg).